# INTERSKOLE TEEN ORANJE
## 15-17 Augustus 2019
## Volledige uitslae

Die jaarlikse **Interskole** teen die C & N Sekondêre Meisieskool Oranje het van 15-17 Augustus in Stellenbosch plaasgevind. Bloemhof wen vanjaar die landloop, tennis, vlugbal en netbal terwyl Oranje die skaak, tafeltennis en hokkie wen. Debat eindig gelykop. Die gróót wenner vanjaar was egter die gees en gesindheid waarmee die dogters deelgeneem het.

### LANDLOOP

Vir 'n derde agtereenvolgende jaar wen Bloemhof die landloop. Cimòn van der Westhuizen is eerste oor die wenstreep met nog ses Bloemhoffers wat onder die eerste tien eindig.

127 punte vir Bloemhof

83 punte vir Oranje

### TENNIS

Al drie die tennisspanne reken met Oranje af. Die o.19A-wedstryd is egter spannend nadat die enkels 4 ellk gelykop speel en die laaste dubbelswedstryd bepalend is...

3 spanne speel elk 8 enkels & 4 dubbels

Bloemhof-oorwinnings: 3 (100%)

- **o.19A wen 7-5** (4 enkels en 3 dubbels)
- **o.19B wen 11-1** (7 enkels en 4 dubbels)
- **o.15A wen 9-3**(7 enkels en 2 dubbels)

### SKAAK

Oranje wen vanjaar weer die skaak, maar dit is nie so oorheersend soos in die verlede nie. Van die nege skaakwedstryde wen Bloemhof vier.

Oranje wen vyf borde

Bloemhof wen vier borde

### TAFELTENNIS

Hierdie matriektradisie is vanjaar tien jaar oud en steeds baie gewild. Oranje is vanjaar die wenner nadat hulle 12 van die 20 wedstryde gewen het.




### DEBAT

Bloemhof se junior- en Oranje se seniordebatspan wen die onderskeie debatte nadat Oranje in albei gevalle as inleidende en Bloemhof as opponerende span deelgeneem het.

Die juniors se onderwerp was "Tegnologie bevorder jou intellegente," terwyl die seniors moes verduidelik waarom skoonheidskompetisies tot voordeel vir die moderne vrou is.

Die Interskole-debat is dus vanjaar gelykop.

### VLUGBAL

Vir die eerste keer word vlugbal ("volleyball") by die Interskole-aanbod ingesluit. Bloemhof wen hierdie historiese wedstryd 2-1.

## HOKKIE

Oranje oorheers weer op die hokkieveld en wen vanjaar se Interskole-hokkie, maar die Bloemhofverdediging sorg vir 'n veel kleiner aantal doele deur die Vrystaters as in 2018: Verlede jaar teken Bloemhofspanne 6 doele teeoor Oranje se 17 doele aan.

Die Bloemhof Investec o.19A's verloor 0:1 in 'n wedstryd waarin hulle waardige opponente vir SA se beste skolespan is.



10 wedstryde gespeel

- Bloemhof-oorwinnings: 2 (20%)
- Gelykoptellings: 3 wedstryd (30%)
- Oranje-oorwinnings: 5 wedstryd (50%)

9 doele vir Bloemhof
11 doele teen Bloemhof

| SPAN | UITSLAG | DOELE VIR ℬ | DOELE TEEN ℬ |
|---|---|---|---|
| o.14A | gelykop | 0 | 0 |
| o.14B | *verloor* | 0 | 1 |
| o.14C | **wen** | 4 | 0 |
| o.16A | *verloor* | 0 | 3 |
| o.16B | *verloor* | 0 | 1 |
| o.16C | *verloor* | 1 | 2 |
| o.16D | **wen** | 2 | 1 |
| o.18A | *verloor* | 0 | 1 |
| o.18B | gelykop | 2 | 2 |
| o.18C | gelykop | 0 | 0 |
| | **TOTAAL** | **9** | **11** |

**Bloemhof-hokkie word met trots deur Investec ondersteun.**

Investec

## NETBAL

Vanjaar neem Bloemhof die netbal-oorwinning terug nadat Oranje in 2018 nege van die 17 wedstryde en daarmee die Interskole-netbal gewen het: Bloemhoffers kraai in 16 van die 23 wedstryde koning.

Die eerstespan speel 'n ongelooflike wedstryd en wen 29:25, ten spyte van die feit dat Oranje reeds vroeg in die eerste kwart met vier doele voorloop en teen halftyd steeds 'n voorsprong van 13:15 geniet.



23 wedstryde gespeel

- Bloemhof-oorwinnings: 16 (69,5%)
- Gelykoptellings: 2 wedstryd (8,5%)
- Oranje-oorwinnings: 5 wedstryd (22,0%)

452 doele vir Bloemhof
356 doele teen Bloemhof

| SPAN | UITSLAG | DOELE VIR ℬ | DOELE TEEN ℬ |
|---|---|---|---|
| o.14A | *verloor* | 12 | 25 |
| o.14B | **wen** | 18 | 13 |
| o.14C | *verloor* | 18 | 23 |
| o.14D | **wen** | 25 | 21 |
| o.14E | gelykop | 21 | 21 |
| o.14F | *verloor* | 11 | 17 |
| o.15A | **wen** | 30 | 15 |
| o.15B | **wen** | 22 | 6 |
| o.15C | **wen** | 26 | 10 |
| o.15D | **wen** | 22 | 18 |
| o.15E* | **wen** | 20 | 2 |
| o.16A | **wen** | 27 | 16 |
| o.16B | **wen** | 18 | 10 |
| o.16C | gelykop | 16 | 16 |
| o.16D | **wen** | 16 | 12 |
| o.16E | **wen** | 15 | 10 |
| o.17A | **wen** | 21 | 15 |
| o.17B | **wen** | 9 | 5 |
| o.17C* | **wen** | 24 | 17 |
| o.17D* | *verloor* | 9 | 17 |
| o.19A | **wen** | 29 | 25 |
| o.19B | **wen** | 22 | 20 |
| o.19C | *verloor* | 21 | 22 |
| | **TOTAAL** | **452** | **356** |

* o.15E vs OMS o.16F | o.17C vs OMS o.19D | o.17D vs OMS o.19E